



Nutri produkte vir Wild

Inhoud:

6500 Nutri Wild Onderhoud	112
6503 Nutri Wild Produksie	113
6416 Nutri Lek Wild 18	114
NPN-Waarskuwing	115



Nutri produkte vir Wild

6500 Nutri Wild Onderhoud (V 28072; NFF 3422)

Klas: Volledige onderhoudsvoer vir Herbivoorwild.

- **Nutri Wild Onderhoud** bevat 10% natuurlike proteïene en is geheel vry van NPN-bronne;
- Die produk is geskik vir die onderhoud van enige tipe herkouer wild teen onderhoudsvlakke tydens droogte of tye van voerskaarste soos ervaar word tydens die droë seisoen;
- Dit beperk die verlies aan massa ten einde kondisie en dus reproduksie in stand te hou;
- Die produk is beskikbaar in korrelvorm vir maklike gebruik asook om vermorsing en vertrapping te beperk;
- Die produk bevat Biotien (Vit H) teen 'n minimum insluiting van 0.36 mg/kg.

Aanbevole daaglikse inname en voeraanwysings:

Vir onderhoud behoort die daaglikse hoeveelheid nie minder as 1.5% van die betrokke spesie se lewende liggaamsmassa te wees nie. Die voer kan ook op 'n *ad lib.* basis aan weidende wild voorsien word. Voer saam met beskikbare blaarvoeding, weiding of ruvoer.

Inname riglyne vir Herbivoorwild is as volg:

Tipe Dier	Inname as % van Liggaamsmassa
Groot Diere	1.4 – 2.4
Medium Groot Diere	2 – 2.6
Klein Diere	2.6 – 3.5
Baie Klein Diere	4 – 6

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïene	100	120
Vog		120
Vet	25	70
Vesel	60	150
Kalsium		20
Fosfor	3	
Vitamien	Min (mg/kg)	Maks (mg/kg)
Biotien	0.36	

50 kg verpakking.

6503 Nutri Wild Produksie (V 28071; NFF 3423)

Klas: Volledige produksievoer vir Herbivoorwild.

- **Nutri Wild Produksie** bevat 15% natuurlike proteïene en is geheel vry van NPN-bronne;
- Die produk is geskik vir produksiedoeleindes van enige tipe herkouer wild soos die voorbereiding van wild vir veilings, die verbetering van kondisie van wild en om reproduksie te stimuleer;
- Dit ondersteun die groei en ontwikkeling van jong diere;
- Die produk is beskikbaar in korrelvorm vir maklike gebruik asook om vermorsing en vertrapping te beperk;
- Die produk bevat Biotien (Vit H) teen 'n minimum insluiting van 0.36 mg/kg.

Aanbevole daaglikse inname en voeraanwysings:

Vir produksie doeleindes behoort die daaglikse hoeveelheid nie minder te wees as 2.5% van die betrokke spesie se lewende liggaamsmassa nie. Die voer kan ook op 'n *ad lib.* basis aan weidende wild voorsien word. Voer saam met beskikbare blaarvoeding, weiding of ruvoer.

Inname riglyne vir Herbivoorwild is as volg:

Tipe Dier	Inname as % van Liggaamsmassa
Groot Diere	1.4 – 2.4
Medium Groot Diere	2 – 2.6
Klein Diere	2.6 – 3.5
Baie Klein Diere	4 – 6

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïene	150	
Vog		120
Vet	25	70
Vesel	120	200
Kalsium	8	12
Fosfor	4	
Vitamiene	Min (mg/kg)	Maks (mg/kg)
Biotien	0.36	

50 kg verpakking.

6416 Nutri Lek Wild 18 (V 28326; NFF 3424)

Klas: Proteïen, mineraal en spoormineraal supplement vir Herkouerwild

- **Nutri Lek Wild 18** is 'n lek met 18% proteïen waarvan 'n maksimum deel vanaf NPN-bronne voorsien word. Dit is dus geskik vir herkouer wild;
- Dit moet voorsien word aan herkouer wild as 'n lek waar voldoende ruvoer, hooi of blaarvoeding *ad lib.* beskikbaar is;
- Benewens proteïen, verskaf die produk ook aanvullende energie en spoormineraal ten einde die langtermyn produksie sukses van wild te ondersteun;
- Die produk bevat Biotien (Vit H) teen 'n minimum insluiting van 0.72 mg/kg;
- Dit is 'n lek en moet streng volgens aanbevelings gevoer word.

Aanbevole daaglikse inname en voeraanwysings:

Hierdie veevoedsel bevat 'n NPN bron en moet dus streng volgens gebruiksaanwysings gevoer word. Voer saam met beskikbare blaarvoeding, weiding of ruvoer.

Tipe Dier	Aanbevole inname (g/dag)
Kleinwild:	190 – 680
Grootwild:	500 – 1 600

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïen	180	
Ureum		26.50
Ander NPN bronne		10
Totale proteïen vanaf NPN		45.72%
Kalsium	10	20
Fosfor	6	
Magnesium	3	
Kalium	14	
Swawel	3	
Energie (beraam) MJ ME/kg	8	
Spoormineraal en Vitamiene	Min (mg/kg)	Maks (mg/kg)
Koper	40	
Mangaan	80	
Sink	120	
Jodium	2	
Yster	200	
Selenium	1	
Kobalt	1	
Biotien	0.72	

40 kg verpakking.

